**Dinsdag 26 Desember**
**Skrifgedeelte: Johannes 20:28 – 21:14**
**Fokusgedeelte: Johannes 21:12**
**Ete op die strand – ’n voorsmaak van die hemelse Bruilof!**

Die twyfelende Tomas kom tot die geloofsbelydenis van “My Here en my God!” nadat hy die wond-tekens aan Christus se hande en sy gesien het. Die evangelis sê dan: “Daar is nóg baie ander tekens – wonderwerke, getuienisse en openbaringsgebeure – wat Jesus gedoen/gesê het. Die doel daarvan is om mense tot die geloof te bring of te versterk dat Jesus werklik die Messias/Christus/Gesalfde en Seun van God is. Wie in Hóm glo, hét die ewige lewe ontvang!”

Om ’n voorsmakie van hierdie verwagting van die ewige lewe te gee, vertel Johannes van die ete op die Tiberiasstrand. Dis die derde verskyning aan gelowiges net vóór sy hemelvaart. Sewe van die 11 dissipels besluit om te gaan visvang. Hulle gaan voort om hulle daaglikse brood in te bring. Vanaf die strand sien Jesus as die opgestaande Gesalfde hoe hulle dwarsdeur die nag swoeg, maar niks vang nie.

“Julle het seker niks om te eet nie?”, vra Hy. “Nee!” antwoord hulle, sonder dat hulle Hom herken. “Gooi die visnet aan die regterkant uit en julle sal iets kry.” As Seun van God weet Hy mos ook waar Hy die visse heen laat swem het. Binnekort gaan hy mos aan die regterhand van God sit waarvandaan Hy alles vir die kerk ten goede gaan bestuur.

Weereens laat Jesus tekens gebeur en spreek …! 153 groot visse beland in die net. Hierdie openbaringsteken laat Johannes besef: “Dit is die Here!” Die geloof in die ewiglewende word bevestig! Uit respek en eerbied vir die Here trek Petrus sy bokleed aan. Hy kan tog nie halfnaak voor sy Verlosser staan nie! En dan die tweede wonderteken van die Seun van God – ’n koolvuur met vis daarop, en brood! Dit is tekens van lewe gee en verkwikking.

“Bring julle visse saam met Myne!” In die derde teken, naamlik die visnet wat nie geskeur het nie, openbaar Christus die oorvloed wat Hy aan die kerk waarvan Hy die Hoof is, skenk. “Die meetsnoere het op lieflike plekke geval …(Ps. 16)!” “Kom eet!” Só nooi die Saligmaker.

Niemand van die dissipels het egter gewaag om Hom te vra “Wie is U?” nie, want hulle het geweet dit is die Here. Binnekort sal die Saligmaker opvaar hemel toe. Nóú deel Hy aan die gelowige ’n voorsmakie uit van dit wat hulle aan die hemelse Bruilofstafel gaan ontvang – léwe in sý Naam! Sien jý dit?!

*Sing: Psalm 16-1:3, 5*

*Ds. AH Stavast (Arie) (emeritus)*